VOORWOORD

In 1985 het die redakteur van hierdie studie 'n werk gepubliseer onder die titel *Carmen Christianum*, wat 'n inleiding en Griekse tekste met vertalings bevat het, en suiwer as proefuitgawe gedien het vir 'n latere, vollediger werk oor die vroeë kerklied. Deur die goedgunstige medewerking van verskillende geleerdes word die latere werk nou onder die titel *HYMNI CHRISTIANI* gepubliseer, en dit wel in die nuutaangekondigde *Supplementum* reeks van die *Hervormde Teologiese Studies*. Die skrywers wil derhalwe hulle dank uitspreek dat hierdie studie in die reeks opgeneem kan word, veral omdat die *HTS* as teologiese tydskrif van hoogstaande gehalte gereken word.

Hierdie studie het ten doel om die leser 'n blik te gee op 'n verteenwoordigende seleksie van 'n belangrike deel van die vroeg-Christelike letterkunde, te wete die Griekse kerklied van die eerste vyf eeue. Die himnografiese aktiwiteit van die vroeë kerk is van liturgiese, dogmatiese en literêre belang:

1. Liturgies - want die kerklied het as vreugdevolle antwoord van die Christelike gemeenskap op God se heilsdaad in Jesus Christus van die begin af 'n essensiële plek in die liturgie ingeneem.
2. Dogmaties - omdat hierdie antwoord terselfdertyd die uitdrukking vervat het van die kerk se teologiese en dogmatiese besinning oor hierdie heilsdaad van God in Christus.
3. Literêr - want die kerklied het mettertyd ook ontwikkel tot 'n literêre vorm van poëtiese kwaliteit.

Wat die *vorm* betref bestaan die studie uit:

1. 'n *Inleiding* oor die ontstaan en ontwikkeling, die wese en die formele bou van die kerklied.
2. Dit word gevolg deur 'n analise van 21 liedere in die volgende vorm: Die Griekse *teks* (met 'n *vertaling* in die geval van die na-Nuwe Testamentiese liedere) word gevolg deur 'n *kommentaar*, waarin aandag gegee word aan die agtergrond, struktuur en interpretasie van elke lied, met klem op die literêre en religieuse perspektief van die betrokke lied, terwyl aan die einde van die *inleiding* en van elke lied 'n geselekteerde *bibliografie* aangebied word vir verdere studie.

Gesien die feit dat tien geleerdes uit verskillende akademiese instellings aan hierdie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

studie meegewerk het, is dit slegs natuurlik dat daar verskil in styl sal bestaan te midde van die formele ooreenkoms soos hierbo uitgestippel. Dit is ewe eens vanselfsprekend dat elke skrywer instaan vir die menings uitgespreek in sy afsonderlike studie. Daar word nietemin die hoop uitgespreek dat hierdie werk die belangstelling sal aanwakker in 'n tekssoort waarin die aanbidding van die vroeë kerk, sy dogmatiese besinning en sy literêre kunssinnigheid 'n harmonieuse eenheid gevind het. En alhoewel die studie primêr ingestel is op die kenner van Hellenistiese Grieks, sal die vertalings asook veel van die kommentaargedeeltes wel ook die leser wat Grieks nie magtig is nie, tot hulp wees.

JH Barkhuizen
Departement Grieks
Universiteit van Pretoria

Desember 1989

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015